Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Vuyelwa Madasi**
Direktoraat: Inrigtingshulpbronondersteuning
Vuyelwa.Madasi@westerncape.gov.za | 021 467 2108

Lêerno.: 18/5/2
Verwysing: 20240201-14384

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0004/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van gewone openbare en tersaaklike spesiale skole

**Onderwerp: Aanlyn stelsel vir graad R- tot 9-werkboeke vir 2024**

1. Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut 0009/2023, gedateer 23 Junie 2023 het gemeld dat werkboeke vir graad R tot 9, vir die tweede helfte van 2024, by alle skole afgelewer is.

2. Ten einde werkboektekorte en -surplusse vir graad R tot 9 in die tweede helfte van 2024 vroegtydig te identifiseer, moet alle openbare skole tussen 13 en 17 Mei 2024 toegang tot SOBIS verkry. Skole moet gedurende hierdie tydperk die werklike getal werkboeke wat vir elke graad ontvang is, bywerk en teenoor hul geraamde leerdergetalle vir Julie 2024 afteken.

3. Wanneer toegang tot SOBIS verkry is, moet skole die "Administration"-opsie op die keuselys kies. Kies "Workbooks" op die aftreklysie en dan die "Welcome and guidelines"- of "Capture"-skerm.

4. Die volgende persone kan gekontak word indien u hulp nodig het met die vaslegging van u besonderhede en die aftekenproses:

| Kontakpersoon | Tel. | E-posadres |
|---|---|---|
| Vuyelwa Madasi | 021 467 2108 | Vuyelwa.Madasi@westerncape.gov.za |
| Kashiefa Sedien | 021 467 2553 | Kashiefa.Sedien@westerncape.gov.za |
| Noncedo Mbali | 021 467 2142 | Noncedo.Mbali@westerncape.gov.za |

5. Sodra die skool se werkboekbesonderhede vir die onderskeie fases bygewerk is, moet die aftekenproses voltooi word.

6. Die inligting wat rakende werkboektekorte en -surplusse ingewin is, sal via EduInfoSearch beskikbaar gestel word aan distriksamptenare, wat verantwoordelik sal wees vir die fasilitering van die verspreiding en insameling van werkboeke waar tekorte of surplusse voorkom.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

**GETEKEN:** MS ABRAHAMS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING**
**DATUM:** 2024-02-19